**29 November** **Skrifgedeelte: Handelinge 1:15-26**
**Fokusgedeelte: NGB, Art 31**

## Verkiesing van die ampte

Die besige lewe vandag maak dit vir mense al moeiliker om by die kerk ’n roeping (amp) op te volg. Verskonings soos: “weens werkverpligtinge …” en “sien ongelukkig nie my weg oop nie …” het oor die jare al standaardformules vir die antwoordbriewe geword. ’n Mens begryp dat die gewone dagtaak vir gelowiges ook ’n roeping van God is. Ondanks gewilligheid kán party mense net nie “ja” sê nie, eenvoudig omdat hulle te besig is met ander roepings wat God op hulle lewenspad bring. Aan die ander kant bring ons Skrifgedeelte opnuut die erns van God se roeping onder ons aandag. Gaan ons nie dalk te gedagteloos deur die proses van verkiesing van kerkraadslede nie? Is dit maar net nóg ’n “demokratiese” proses? Die meerderheid se wil wat geskied?

Kyk hoe anders verloop dinge in ons Skrifgedeelte! Die gemeente van 120 gelowiges gaan vooraf op hulle knieë (vers 24): “Here, U wat die harte van almal ken, wys die een aan wat U uit hierdie twee verkies het …” Die gemeente toets ook vooraf persone aan die vereistes vir die amp van apostel (vers 21-22). Eers dan stel hulle ’n tweetal voor (vers 23). Daarna vra hulle biddend dat die Here SELF die regte ampsdraer aanwys!

Kerkraadslede word dus deur die Here AANGEWYS (vers 26). Of hierdie aanwysing deur verkiesing of approbasie of selfs, soos in ons Skrifgedeelte, deur loting geskied is nie so belangrik nie. Die Here moet aanwys! Die verkose persone moet in die verkiesing duidelik God se vinger na hulle SIEN wys. So sal gelowiges (mense wat aan Jesus Christus behoort [HK So 1]) hulle roeping in die regte lig oorweeg: As die Here roep, sal ek dan nie gaan nie?

*Dr. WC Vergeer (Potchefstroom-Oos)*